God laat ons eer en lof vir Hom nooit verlore gaan nie

**PJ Kriel Roudiens: Oom Hans Beetge 24.01.2015**

**1. Lied 354: 1 en 4.**

**Skriflesing: Ps. 30: 7-13; Open. 19: 6-8; 21:3-6.**

**Ps. 30:** *“[7]Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: “Niks sal my ooit laat wankel nie.” [8]Deur u goedheid het U my op ’n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword. [9]Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek: [10]“Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig? [11]Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here!”*

**Open. 19:** *“[5]Toe het daar ’n stem van die troon af gekom wat gesê het: “Loof ons God, al sy dienaars, dié wat Hom vrees, klein en groot!” [6]Ek het toe iets gehoor soos die geluid van ’n groot menigte, soos die gedruis van ’n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: “Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning. [7]Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak. [8]God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.” Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges. [9]Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.”*

**Open. 21:** *“Toe het ek ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. [2]En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos ’n bruid wat vir haar man versier is. [3]Toe het ek ’n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God. [4]Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.” [5]Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.” En daarna sê Hy: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.”[6]Verder sê Hy vir my: “Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.””*

**Teksvers Rom. 11:29**

**Rom.11:** *“[29]As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.”*

**2. Lied 519: 1,2,3,4**

**Prediking**

**Gebed**

**3. Lied 562: 3,4**

**Huldeblyk en bedankings**

God laat ons eer en lof vir Hom nooit verlore gaan nie

## Formulier

## Geloofsbelydenis

## Oomblik van stilte in eerbied en herinnering

## Seën

**PJ Kriel Roudiens: Oom Hans Beetge 24.01.2105**

Inhoud Hierdie preek wys dat die dood van ŉ mens ook vir God ŉ verlies is: Hy word die eer en dank van sy dienaar binne sy skepping ontneem. Mense is nie gesiglose karakters binne ŉ massa wat God aanroep nie. Vir God is sy kinders se eer en dank in hierdie skepping belangrik. Daarom is Christus die skadebeheer en skadevergoeding op die dood van die mens. In sy regverdigmaking behou God die eer en dank van sy kinders vir ewig en bestem God dit om weer deel van die nuwe skepping te wees. In hierdie geloof kan ons van mekaar met die dood afskeid neem.

**Skriflesing: Ps. 30: 7-13; Open. 19: 6-8; 21:3-6.**

**Teksvers: Rom. 11:29:** ***"[29]As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie."***

**Tema: God laat ons eer en lof vir Hom nooit verlore gaan nie.**

**1.** In Psalm 30 roep Dawid die Here aan in die angs van dreigende dood.

In hierdie angs maak Dawid 'n geloofsbelydenis oor God en die dood met hierdie woorde:

*[10] "Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet in gaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig? [11]Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here!"*

Hierdie openbaring oor God, en die geloofsbelydenis oor God, kom herhaaldelik in die OT voor, soos in Ps.6:6: *"Iemand wat dood is, kan tog nie U Naam bely nie. Kan iemand in die doderyk U prys?"* en Jes. 38:18: *"In die doderyk kan niemand u loof nie, geeneen wat dood is, kan U prys nie; niemand in die graf dink aan U trou nie."*

God het
1) ons geskep om Hom te loof vir wie Hy as ons God is, en

2) God is as God getrou aan Homself om op so wyse vir ons God te wees, dat ons as Sy skepsels Hom vir Sy troue liefde dank, eer en daaroor getuig.

Daarom is die dood 'n mag wat die mens vervreem van wat God Hom voor gemaak en bedoel het in hierdie skepping.

Hierdie verlies vir God in hierdie skepping word op hierdie treffende wyse gestel: as ons net stof is, kan ons die Here nie loof vir wie Hy vir ons is nie, en in die graf kan ek nie van God se getrouheid om vir my God te wees, vertel nie.

Daarom is die dood van Sy dienaars vir God werklike verlies.

**2.** U as familie leef nou in die verlies van Oom Hans as eggenoot, pa en oupa. Die geheimenis wat hierdie Psalm openbaar, is dat God in hierdie verlies deel.

Daarom sal dit goed wees as u weer die woorde van Dawid hoor:
[10]*“Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet in gaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig?”*

Dawid getuig wat God as Here deur die dood verloor: Hy verloor ’n dienaar hier op aarde wat Hom loof en Sy getrouheid om God te wees, verkondig.

Daarom wys die Psalm eintlik op die verlies van God deur die dood: die verlies van die lof en eer wat Dawid aan God bring.

**3.** Ons mag nie die werklikheid wat Dawid hier stel, in ons eie magsbeelde oor God laat verlore gaan nie.

In ons magsbeelde oor God sien ons die lof en eer van God baie soos die lofsangers van politici. Hulle loop voor en besing en vertel hoe groot leiers is, as sigbare magsdemonstrasie.

In hierdie magsbeeld sien mense ook die hemelse lof en eer van God in Openbaring, baie maklik as gesiglose massa-verering en gesiglose massa-aanbidding, baie soos die massa-geestelikheid op pawiljoene.

Wie God só sien, kan God nooit sien as God in en met verlies nie.

Want as dit Sy verering en lof is, ’n gesiglose magsdemonstrasie deur die massas, dan is enkelinge en wie en wat hulle in hierdie massa is, net nog ’n nommer wat God maklik kan vervang met ’n ander gesiglose nommer in die massa.

**4.** Wie en wat het God nie meer hier op aarde deur die dood van Oom Hans nie?

Hy het nie meer die man wat sy vrou Annette gekoester het en God elke dag vir haar spesifiek gedank, geëer en stil in sy hart geloof het nie.

En geen ander mens wat God maak, kan hierdie lof vir spesifiek haar, vervang nie. Geen ander mens sal die Here hier op aarde dank en eer vir wat hulle saam was, soos hulle dit saam was nie. Want geen ander mens sal ooit weet wie God vir hulle saam was, soos Oom Hans nie.

Hiervoor het God Oom Hans deur die dood nou hier op aarde verloor.

God het nie meer die pa wat vir elke seun God kon eer, dank en loof vir wat hy as pa gesien het wat God vir hierdie seun gedoen het as baba, kleuter, tiener en as onafhanklike en selfstandige man nie.

En geen ander mens wat God maak kan Hom ooit loof, dank en eer vir al die oomblikke saam as pa en seuns, vir uitkomste en leiding, en vir hoe betroubaar God vir hulle Gód was nie. Want niemand anders weet eens wie hierdie seuns vir hom was en hy vir hulle nie. Net hy kan God hiervoor eer.

Hierdie eer het God nou hier op die aarde verloor deur die dood van Oom Hans.

Geen ander mens kan God dank as oupa soos en vir spesifiek hierdie kleinkinders soos Oom Hans dit gedoen het nie. Ook nie God in sy hart en gedagtes vir hierdie spesifieke kleinkinders loof en eer soos hy dit gedoen het nie. Want net hy was deur God as oupa vir hulle beskik soos hý Oupa was.

Hierdie dank, eer en lof vir hoe God getrou God vir sy kleinkinders is, is deur die dood nou ook vir God hier op die aarde verlore.

**5.** As ons nie hierdie verlies van God in Oom Hans se dood erken nie, sal ons nooit die magsdaad van wie en wat Jesus Christus is, kan ken en glo nie.

Want die werklikheid waarvoor die dood as oordeel oor alle mense God stel, is dat God Sy troue dienaars se lof, dank, eer en aanbidding vir Sy getrouheid as God, vir altyd kan verloor.

Anders as ons, wat magteloos voor en in hierdie verlies net die mag van die doodstil moet aanvaar, staan God nie in hierdie verlies magteloos nie.

Christus het die mag van die dood só verbreek dat

1) oom Hans se dank en eer vir God in die dood behoue is, en

2) sy dank, eer en lof bestem is vir ’n nuwe aarde, waar daar nie iets is soos die dood wat God se lof, eer en dank van Sy dienaars, weer ’n verlies op aarde kan maak nie.

**6.** Dit is hoe Christus se mag vir Oom Hans, wat nou met God is, aangekondig word in Openbaring 19.

Dit word só gestel: *“[8]God het haar* (die kerk) *dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.” en “Hierdie fyn klere is die regverdige dade van die gelowiges.”*

Die regverdige dade van die gelowiges word as klere beskryf. Klere wat Christus hulle aantrek. Christus maak en laat hulle dade vir God regverdige dade wees deur dat hulle ingesluit is, dit is aangetrek is, met die geregtigheid en heiligheid van Christus as mens, met wie hulle in die Hemel is.

Dit is wie Oom Hans vanoggend steeds vir God is. Dit is die reikwydte van die stelling wat Paulus in Romeine 11 vers 29 maak: *“[29]As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie. Ook nie in en na die dood nie.”*

Die rede vir Christus se magsdaad om Oom Hans vir ewig met Sy geregtigheid en heiligheid te beklee, is om deel van die bruilofsmaal van die Lam te wees, op ’n baie besondere wyse.

Dit word in openbaring 19 só gestel*: "[5]Toe het daar 'n stem van die troon af gekom wat gesê het: "Loof ons God, al sy dienaars, dié wat Hom vrees, klein en groot!"* en *"Hulle het uitgeroep: "Prys die Here!... [7]Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee.""*

Christus se magsdaad stel Oom Hans vanoggend in hierdie posisie:

1) omdat die stof en as wat hy deur die dood is, nie God kan loof nie,

2) omdat God geen voordeel het uit Sy dienaar wat in die graf stof word en stof is nie,

het God Hom deel van die bruilofsmaal gemaak dat hy God in die Hemel kan eer, dank en loof omdat hy met Christus beklee is.

Hy kan vanoggend God dank, eer, en loof vir wie God hom as man laat wees het in sy vrou, wie God hom laat wees het in en deur sy kinders en kleinkinders en al sy kollegas, vriende en ook deur sy medegelowiges.

Dit is die magsdaad waarin Christus die skadebeheer toepas op die dood: sy lof, dank en eer vir God is nie vir God in die Hemel verlore nie, al is dit nou 'n verlies op die aarde.

Die eer en dank wat nét hy aan God kan bring vir die lewe wat nét hy van God ontvang het, is hy besig om aan God te bring. God laat nie toe dat hy net stof en as is wat Hom as God nie kan loof en eer vir Sy getrouheid om nooit Sy liefde en genade van hom te onttrek nie.

**7.** God is ook nie magteloos teenoor oom Hans se vervreemding uit God se skepping nie. Al eer en dank hy God vandag in die Hemel, bly dit steeds 'n verlies op aarde. Oom Hans is nie as mens na liggaam, siel en gees deel van die skepping van God nie.

Eers as ons hierdie verlies vir God herken, sal ons die magsdaad van Christus waarop ons nog moet wag, se hoop verstaan: Christus is die Here wat 'n nuwe hemel EN aarde gaan skep. 'n Nuwe skepping waar die dood mense nie meer van hulle liggame en liggaamlike menswees kan vervreem nie.

'n Skepping, nie net een of ander geestelike toestand of belewenis nie, waar die dood nie meer vir God hierdie verlies binne die skepping kan veroorsaak nie: mense wat God as mense binne Sy skepping eer en dank vir Sy getrouheid om hulle as God deel van Sy skepping te laat wees.

Want God laat nie toe dat die mens stof bly en in die mag van die graf God nooit weer as mens, liggaamlik deel van die skepping, vir Sy getrouheid om Sy dienaars mens te laat wees, te kan eer, dank en loof nie.

Oom Hans en ons is nie net bestem in God se getrouheid om Hom steeds na die dood te eer en dank as God nie, maar ons is bestem om saam met mekaar, as

mense in die skepping, nie net as geeste nie, God saam te eer, loof en dank vir Sy getrouheid om ons mens in Sy skepping te laat wees: Sy nuwe skepping.

**8.** Christus is hoe God Sy verlies hanteer in die dood van Oom Hans. Christus is God se

1) skadebeheer en
2) skadeherstel op die dood.

En daarom kan ons ons verlies ook aanvaar en in hierdie verlies leef in hoe God Sy verlies met Oom Hans hanteer.

God maak dat Sy verlies van Oom Hans op aarde nie Oom Hans se verlorenheid vir God beteken nie.

In die dood bly Sy dienaars se lof en eer vir Hom behoue en bestem Hy dit vir ’n nuwe skepping, waar die dood nie meer hierdie verlies kan veroorsaak nie.

Daarom leef ons nou in die verlies van Oom Hans as eggenoot, pa, oupa, vriend en medegelowige, maar wie hy as mens is, is nie vir ons verlore nie.

Wat vir God behoue is, kan nie vir ons verlore wees nie. Want ons leef reeds in die vervulling dat God met ons is, met ons sal wees in die dood, en met ons sal wees in die nuwe skepping.

Dit maak ons verlies, verwydering, maar nie verlorenheid nie, om niks anders te wees as stof en as nie.

**9.** Kom ons rou oor ons vervreemding en verwydering van Oom Hans in die sekerheid van hierdie Woord van God:

“*Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig?* 11 *Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here!” en* 29 *As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.”*

Want dit is werklike rou en afskeid sonder die angs van verlorenheid.

**9.1** Die verlies van Oom Hans isoleer en vervreem ons elkeen op ’n eie manier van mekaar. Want elkeen moet sy eie verlies dra en dit is vir elkeen anders: om ’n lewensmaat te verloor, is iets anders as om ’n pa te verloor; om ’n pa te verloor, is iets anders as om ’n oupa te verloor.

In hierdie isolasie kan ons maklik ook geïsoleerd voel van God: omdat ons maklik dink dat Hy God is en niks verloor het nie; dat Hy net hierdie magtige God is wat ons moet krag en bystand gee, terwyl ons alleen die skade en verlies van die dood moet hanteer.

Daarom moet ons God ook in hierdie woorde ontdek: Kan stof God loof? Nee. Hy deel in ons verlies van Oom Hans in en deur die dood. Maar in Christus hanteer en herstel Hy die skade van die dood.

God is met ons in hierdie gebeurtenis en Hy hanteer en herstel waar ons niks kan doen nie.

Ons kan met God in hierdie getrouheid waarmee Hy God is rou, en ons rou met hom deel, omdat ons verlies ook Sy verlies is; maar Sy behoudende krag ook ons uitkoms is.

**9.2** In hierdie geloof kan ons ook afskeid neem: wat Oom Hans vir God is, is vir God behoue en sal ons elkeen weer met God en hom deel.

Daarom kan ons die lewe saam met hom in herinnering roep, die oomblikke met hom koester as iets wat vir hom en ons verwyderd is, maar nie verlore is en vergete sal raak in die dood nie.

**9.3** In hierdie sekerheid kan ons weer die bedoeling van ons lewe voortsit: om God te eer, te dank en te loof vir wie Hy ons laat wees in lewe en in sterwe.

Stof kan God nie loof nie: ons is bestem en deel die Ewige Lewe met God. Die gawe wat God ons gee om Hom te mag loof en eer as ons Here, trek Hy nooit weer terug nie: ook nie in die dood nie.